

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

CYNTHIA LUJABA

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: BOTHA, JACOBS ARR et GALGUT WN AR

VERHOORDATUM: 4 SEPTEMBER 1986

LEWERINGSDATUM: 25 SEPTEMBER 1986

UITSPRAAK

/BOTHA AR ...

BOTHA AR:-

Die appellant, 'n 25-jarige vrou, is in 'n Streekhof skuldig bevind aan diefstad en gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf. Sy het teen haar skuldigbevinding en vonnis geappelleer na die Proviniale Afdeling Kaap die Goeie Hoop, wat haar appèl van die hand gewys het, maar wat aan haar verlof toegestaan het om teen haar skuldigbevinding in verdere hoër beroep na hierdie Hof te kom.

Die aanklag waarop die appellant teregestaan het, was dat sy 'n bottel drank ter waarde van R6,98 gesteel het van Western Province Cellars (die klaer). Die Staat se saak teen haar was dat sy 'n bottel brandewyn van die klaer gesteel het in die klaer se selfbedieningswinkel in Parow. In dié winkel, so blyk dit uit die getuienis wat in die saak afgelê is, haal klante self die drank wat hulle wil koop van die rakke af waar dit uitgestal word; hulle gaan dan na 'n

/betaalplek ...

betaalplek wat geleë is 'n paar tree van die uitgangsdeur van die winkel. Die betaalplek bestaan uit 'n tafel, 'n paar tree lank, waarlangs daar 'n soort gangetjie is waarin klante beweeg om vir hulle ware te betaal. Die betaling geskied by 'n kasregister wat geleë is naby die punt van die tafel naaste aan die binnekant van die winkel. Ek sal na die plek waar die kasregister staan, verwys as die betaalpunt. 'n Dame in diens van die klaer sit by die betaalpunt, agter die kasregister; sy ontvang betalings van klante en hanteer die kasregister. Wanneer 'n klant vir sy ware betaal het, word die ware aan die deur se kant van die betaalpunt op die tafel geplaas en daar verpak deur 'n ander diensnemer van die klaer, wat staan naby die punt van die tafel naaste aan die deur. Hy word genoem die verpakker. Klante beweeg by hom verby om by die deur van die winkel uit te gaan.

Die Staat se saak teen die appellant het berus

/op ...

op die getuienis van drie diensnemers van die klaer wat op die betrokke dag in die winkel werksaam was. Hulle is Moos van der Ster, wat as die verpakker diens gedoen het; Vernon Cupido, wat by die rakke besig was; en Faeza de Jong, wat in beheer was van die kasregister.

Van der Ster se getuienis was in hooftrekke soos volg. Van waar hy by die verpakkingsplek gestaan het, het hy die appellant saam met 'n ander vrou tussen die rakke deur sien rondbeweeg. Hy het gesien "of sy iets vat daarso". Hy het "iets snaaks" onder haar baadjie gesien. Sy het 'n wit baadjie gedra. Hy het vermoed dat sy iets onder haar baadjie gehad het. Toe het hy haar dopgehou. Sy en haar vriendin het in die rigting van die kasregister beweeg. Die vriendin het voor geloop en het 'n bottel sjampanje by haar gehad. By die betaalpunt het die vriendin vir die sjampanje betaal en hy het die bottel verpak. Die appellant het agter die vriendin aan verby die betaalpunt geloop,

/sonder ...

sonder om vir iets te betaal. Die vriendin is met haar pakkie by die deur uit. Die appellant het agterna geloop, verby die plek waar hy gestaan het, en was op pad na die deur. Omtrent so by die drumpel van die deur het hy haar teruggeroep en na haar gegaan en haar "gevang". Hy het dit gedoen omdat hy vermoed het dat sy iets onder haar baadjie gehad het. Hy het haar na die bestuurder van die winkel geneem. Op pad soontoe het sy self 'n bottel brandewyn onder haar baadjie uitgehaal. Hy het niks vir haar gesê nie en sy het niks vir hom gesê nie. Die bestuurder het die polisie ontbied. Toe die polisie daar aankom, het hulle die appellant gevra of sy wou betaal vir die bottel brandewyn, waarop sy geantwoord het dat sy nie geld gehad het om daarvoor te betaal nie.

Onder kruisondervraging is dit deur die appellant se prokureur herhaaldelik en pertinent aan Van der Ster gestel dat die appellant nog "daar by die betaal=punt" ...

punt" was toe hy haar gearresteer het. Van der Ster het dit ontken en voet by stuk gehou dat die appellant nie slegs by die betaalpunt verby was nie, maar reeds ook by hom en by die punt van die tafel verby, en naby die deur was, toe hy haar gearresteer het. Daar is ook aan Van der Ster gestel dat die appellant R50 by haar gehad het, waarmee sy borggeld by die polisiestasie betaal het (die borgkwitansie is aan die getuie getoon), waarop Van der Ster te kenne gegee het dat hy nie daaroor iets kon sê nie. Verder is daar aan hom gestel dat die appellant nooit aan die polisie gesê het sy het nie geld nie, maar dat sy intendeel wel geld gehad het en die bottel brandewyn wou gekoop het; en toe Van der Ster gevra is of sy nie so gesê het (aan die polisie) nie, was sy antwoord: "Nee ek weet nou nie". In herondervraging deur die aanklaer het Van der Ster getuig dat die polisie Afrikaans gepraat het met die appellant, bygevoeg "ek glo nie sy verstaan Afrikaans nie", en ten

/slotte ...

slotte gesê hy kon nie onthou in watter taal sy die polisie geantwoord het nie.

Cupido se hoofgetuienis was in hooftrekke soos volg. Hy was agter in die winkel besig om 'n klant by die yskas behulpsaam te wees, toe hy twee Swart dames gewaar wat die winkel binnekom. Hy sê hy het hulle "onmiddellik" dopgehou. Dit was die appellant en haar vriendin. Hulle het gekom na waar hy was en hom gevra vir 'n bottel sjampanje, wat hy toe aan hulle gegee het. Hulle is toe terug na die voorste deel van die winkel, waar hulle van rak tot rak gegaan het en na die pryse van bottels drank gekyk het. Die bestuurder het toe uitgekom en hom gesê om die vrouens dop te hou, wat hy gedoen het. Volgens hom, toe hulle sien hy hou hulle dop, het hulle na die betaalpunt gegaan. Hy het hulle nog steeds dopgehou; hy was "naby hulle". Die appellant se vriendin het eerste by die betaalpunt verby geaan. Sy het vir die bottel sjampanje betaal. Toe

/"hulle" ...

"hulle" verby die betaalpunt is, het "Moses" - dit is Van der Ster - hulle "voorgekeer". Hy het "hulle" voorgekeer "net na die betaalpunt". "Hulle" was nog voor hom, d w s nog nie verby hom nie. Hy het gesien hoe Van der Ster die appellant arresteer. Toe hy haar "vat", het sy self 'n bottel brandewyn onder haar baadjie uitgehaal. Van der Ster het haar na die bestuurder geneem. Die vriendin het agterna gekom, maar nie tot by die bestuurder nie; sy is toe by die winkel uit. Hy het nie gehoor wat die appellant gesê het nie.

Onder kruisondervraging het Cupido sy getuienis drasties verander met betrekking tot die presiese plek waar die appellant was op die oomblik toe Van der Ster haar gearresteer het. Die getuienis wat Cupido in kruisverhoor afgelê het, is van fundamentele belang in hierdie saak, en daarom sal ek dit 'n bietjie later volledig aanhaal. Op hierdie stadium is dit voldoende om te sê dat Cupido in sy kruisverhoor onomwonde verklaar

/het ...

het dat die appellant nog nie verby die betaalpunt was nie, maar by die betaalpunt, toe sy deur Van der Ster gearresteer is.

Die getuienis van Faeza de Jong kan kortlik afgehandel word. Sy het in die loop van haar getuienis te kenne gegee dat die appellant reeds by die betaalpunt verby was, en ook by die punt van die tafel en Van der Ster self verby, toe laasgenoemde haar voorgeker het. Sy het egter toegegee dat haar geheue van wat presies gebeur het, vaag was en dit blyk uit die oorkonde ook dat dit inderdaad die geval was. Haar getuienis is nie van wesenlike belang by die beslegting van hierdie appèl nie.

Die appellant het getuienis afgelê. Haar getuienis kan saamgevat word soos volg. Sy het op haar eie na die drankwinkel gegaan om 'n bottel brandewyn te koop. Daar het sy toevallig mense raakgeloop wat sy ken, insluitende die vrou wat 'n bottel sjampanje gekoop

/het ...

het. Dié ken sy net van sien. Sy het 'n bedrag van R50 by haar gehad en sy wou en sou vir die brandewyn betaal het. Toe sy na die betaalpunt gegaan het, het sy die bottel onder haar arm met haar hand vasgehou. Die vrou wat die sjampanje gekoop het, was net voor haar by die betaalpunt. Voordat sy 'n geleentheid kon kry om vir die brandewyn te betaal, het die verpakker - dit is Van der Ster - na haar gekom en haar teruggedruk in die winkel in. Hy het die bottel uit haar hand geneem. Sy is toe na die kantoor geneem en daarna het die polisie haar kom arresteer. By die polisiestasie het sy haar R50 gebruik om borggeld te betaal. Die kwitansie daarvoor is as 'n bewysskool by die Hof ingelewer. Sy het nooit beoog om die bottel brandewyn te steel nie en het ook nie probeer om dit te doen nie.

Onder kruisondervraging het die appellant gesê dat sy nie eens 'n geleentheid gehad het om die bottel

/op ...

op die tafel neer te sit voordat sy daarvoor sou betaal nie; sy was daar by die kasregister gewees, maar voor dat sy iets kon doen, het Van der Ster haar teruggestoot in die winkel, na agter toe. Sy het ontken dat sy 'n baadjie gedra het dié dag; sy het 'n trui aangehad. Sy het haar prokureur dit gesê. Haar geld was in 'n beursie, wat sy van plan was om oop te maak as sy by die kasregister kom. Die vrou voor haar het vir klein-geld gewag terwyl haar bottel sjampanje verpak is. Dit was net toe daardie vrou "uitgaan" dat Van der Ster na haar gekom het en haar teruggestoot het. Niemand het haar gevra of sy geld by haar gehad het nie.

Die landdros het in sy uitspraak eers 'n opsomming gegee van die getuienis. In die loop van sy opsomming het hy van Van der Ster, na wie hy verwys het as "die eerste Staatsgetuie", gesê dat hy ten spyte van intensieve kruisverhoor gebly het by sy getuienis dat die appellant reeds by die kasregister verby was toe

/sy ...

sy gearresteer is. Van Cupido het hy gesê dat hy "het tot 'n mate die eerste Staatsgetuie se getuienis gestaaf", en verder:

".... hierdie getuie is onder intensiewe kruisverhoor geneem hy het ook nie afgewyk van sy getuienis in hoof nie."

Van Faeza de Jong het die landdros gesê dat sy verduidelik het "dat sy die gebeure van die dag nog maar vaag in herinnering kan roep".

Met verwysing na die getuienis van die Staatenersyds, en die getuienis van die appellant andersyds, het die landdros soos volg opgemerk:

"Dit is duidelik dat hier 'n groot verskil is tussen die getuienis van die beskuldigde en die van die Staatsgetuies van wat daar gebeur het die betrokke dag. Dit is dus vir die Hof nodig om 'n bevinding op geloofwaardigheid te maak. Dit moet dadelik toegegee word dat op die oog af dit skyn asof daar teenstrydighede is in die getuienis van die Staatsgetuies, veral oor waar beskuldigde presies gearresteer sou gewees het."

In verband met Van der Ster, wys die landdros dan daarop

/dat ...

dat hy gesê het dat die appellant reeds by hom verbygegaan het toe hy haar teruggeroep het. In verband met Cupido, sê die landdros:

"Hy staaf ook die getuienis van die eerste Staatsgetuie, met uitsondering daarvan dat hy sê dat die beskuldigde gearresteer is terwyl sy nog tussen die pakker, die eerste Staatsgetuie en die kassier was."

Oor Faeza de Jong sê die landdros dat dit duidelik is dat sy nie die tyd vir waarneming gehad het om met sekerheid vir die Hof te kon sê waar die appellant gearresteer is nie. Die kern van die landdros se benadering tot, en beskouing van, die Staatsgetuies se getuienis, blyk dan uit die volgende gedeelte van sy uitspraak:

"Die Hof is tevrede dat aldrie hierdie Staatsgetuies mekaar oor en weer staaf dat die beskuldigde by die kassier verby is sonder om te betaal vir die artikel wat sy op haar persoon gehad het. Vir die skynbare teenstrydighede kan daar verduidelikings wees, dit is nie nodig vir die Hof om op daardie verklarings in te gaan nie, want dit sal neerkom op spekulasié. Maar dit is tog duidelik dat die eerste Staatsgetuie Moos

/by ...

by die kassier was waar hy diens gedoen het as pakker. Hy sowel as die ander Staatsgetuie Cupido het 'n goeie indruk op die Hof gemaak en nieteenstaande intensiewe kruisverhoor het hulle nie afgewyk van hulle getuienis in hoof nie."

Na my oordeel is die sienswyse van die landdros wat in die pasaangehaalde uittreksel uit sy uitspraak weerspieël word, so ingrypend verkeerd dat ek nie anders kan as om dit as 'n growwe mistasting te beskryf nie. In die besonder het die landdros die getuienis wat Cupido onder kruisverhoor afgelê het, nie behoorlik beoordeel nie. Cupido het inderdaad van sy hoofgetuienis afgewyk, en in die proses het daar nie slegs "skynbare teenstrydighede" tussen sy getuienis en dié van Van der Ster vorendag gekom nie, maar in der waheid 'n regstreekse en onversoenbare weersprekking tussen die twee van hulle. Om dit aan te toon, is dit gerade om die geheel van Cupido se getuienis in kruisondervraging aan te haal:

/"Dit ...

"Dit is 'n lang tafel daar by die betaalpunt?
--- Ja meneer.

Jy stap in by die betaalpunt en daar is
dan 'n 'till' reg? --- Ja meneer.

En Moses staan daar net verby die 'till',
hy is die ou wat nou moet goed inpak reg? ---
Reg meneer.

En daar is 'n soort van gang reg? --- Ja
meneer.

Goed. Jy sê die beskuldigde was nie ver=
by Moses gewees nie? --- Hy was voor Moses ge=
wees.

Hy was voor Moses. So sy was nog by die
'till' gewees toe hy haar gevat het reg? ---
Dit is reg.

Is dit reg? --- Na die 'till', daar by die
'till' het die ...

Sy was daar by die 'till' gewees? --- Nadat
die dinges geëindig het, die lang tafel.

Ek weet nie van die dinges se nie en alles,
Moses staan naby die tafel reg? --- Reg meneer.

Hy is die ou wat nou moet inpak? --- Inpak.

Net voor hom is die 'till' en die dame
staan daar by die 'till' reg? --- Reg meneer.

So eintlik was sy nie verby die 'till'
gewees nie, sy was daar by die 'till' gewees
reg? --- Reg meneer.

Goed. Sy was by die 'till' gewees toe
Moses haar gevat het reg? --- Reg meneer.

So met ander woorde, verskoon my dit is
meneer Cupido nê? --- Cupido.

/Sy ...

Sy het nog 'n kans gehad om te betaal as sy wil betaal het? --- Dit is reg meneer.

Dit is reg. Ek wil nie hê dat jy eintlik vir Moses moet blameer hierso vir hierdie ding nie, maar sou u so vinnig as Moses opgetree het, of sou u 'n bietjie gewag het, u self? --- Ek sou eers gewag het dat sy ...

U sou eers gewag het totdat sy kan verby die 'till' gaan? --- Verbygaan.

Maar hy het nie gewag tot sy verby die 'till' gaan nie, 'u sou gewag het? --- Dit is reg meneer.

Het u 'n bietjie meer ondervinding? --- Nee nie op die oomblik nie.

Ek sien, maar soos u die ding sien, sou u 'n bietjie gewag het om haar te laat verby die 'till' gaan en dan vir haar te gryp, reg? --- Reg meneer.

Wat se klere het sy aangehad? --- Sy het 'n 'cream' baadjie gehad en so 'n blommetjie rok so 'n ...

En die bottel was onder haar arm gewees, reg? --- Ja sy het hand in die sak so geloop.

Hoe het sy geloop? --- Altwee haar hande in die baadjie se sak.

Maar die bottel was onder haar arm gewees? --- Onder haar arm weggesteek.

Ja, u kon dit sien? --- Nee ek kan dit nie sien nie.

Hoekom nie? --- Dit was weggesteek onder haar ...

/Maar ...

Maar die vrou by die 'till' kon dit gesien het, sy moes dit gesien het? --- Ek weet nie.

Jy weet nie? Maar sy het nie kans gekry om te betaal daarvoor nie, want Moses het sommer vir haar gegryp, reg? --- Reg meneer."

Volledigheidshalwe moet ek ook twee stukkies van Cupido se getuienis onder herondervraging deur die aanklaer aanhaal. Die eerste is soos volg:

"Maar het sy gestaan, of het sy geloop toe Moses haar voorkeer? --- Sy wou geloop het.

HOF: So jy sê sy wou geloop het? --- Ja.

Het sy alreeds geloop, of het sy gestaan nog? --- Sy het nog gestaan."

Die tweede, reg aan die einde van die herondervraging, is soos volg:

"Het die beskuldigde ooit vertoef by die dame wat daar gestaan of gesit het? --- Sy het vertoef, toe haar vriendin betaal het vir die champagne en toe is die vriend ...

En toe die dame nou loop, het sy toe vertoef daar? --- Nee sy het saam met die dame geloop."

Na my mening blyk dit sonder twyfel uit Cupido se getuienis onder kruisverhoor as geheel, soos hierbo aangehaal,

/dat ...

dat hy onomwonne getuig het dat die appellant nog by die betaalpunt was toe sy gearresteer is deur Van der Ster, en dat sy juis deur Van der Ster se optrede die geleentheid ontneem is om vir die drank te betaal by die betaalpunt, as dit haar voorneme was om dit te doen. Die eerste stukkie van Cupido se getuienis onder her-ondervraging wat ek aangehaal het, bevestig dit ten duidelikste. Die laaste stukkie van sy getuienis onder herondervraging, hierbo aangehaal, kan na my oordeel geen wesenlike afbreuk doen aan die oorweldigende trefkrag van Cupido se voorafgaande getuienis nie.

Die belangrikheid van Cupido se getuienis, by die oorweging van die saak wat die Staat teen die appellant uitgemaak het, is hierin geleë, dat die landdros deur hom as 'n getuie beïndruk is. Soos blyk uit die uittreksel uit die landdros se uitspraak wat ek vroeër aangehaal het, het hy gesê dat Van der Ster sowel as Cupido op hom 'n goeie indruk gemaak het. Klaar-

/blyklik ...

blyklik het hy nie die een se getuienis hoër aangeslaan as die ander s'n nie. Ek moet daarby voeg dat ek uit 'n bestudering van die oorkonde ook geen rede kan vind om die een se getuienis bo die ander s'n te verkies nie. Waar dit nou blyk dat daar tussen hulle 'n weersprekking bestaan op 'n belangrike aspek van die Staat se saak teen die appellant, wat die landdros nie raakgesien het nie, is daar gevolglik geen grondslag waarop aan Van der Ster se weergawe voorkeur gegee kan word eerder as aan dié van Cupido nie. Cupido se weergawe kan net sowel die juiste weergawe wees. En waar sy getuienis oor die plek waar die appellant was toe sy gearresteer is, ooreenstem met die getuienis van die appellant self, volg dit vanself dat die Staat se saak teen die appellant beoordeel moet word op die grondslag van Cupido se getuienis, en nie dié van Van der Ster nie. Anders gesel: op sy minste, blyk dit uit die Staat se eie getuienis dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat

/die ...

die appellant nog nie by die betaalpunt verbygegaan het nie, maar daar gestaan het, toe sy gearresteer is, en gevvolglik moet die saak teen haar op daardie grondslag beoordeel word.

Alvorens ek van hierdie aspek van die saak afstap, moet ek verwys na die wyse waarop dit behandel is op appèl na die Provinciale Afdeling. FRIEDMAN R het die uitspraak daar gelewer en WILLIAMSON R het met hom saamgestem. In sy uitspraak het FRIEDMAN R soos volg bevind:

"Myns insiens het die landdros die teenstrydighede tussen die getuenis van Van der Ster en dié van Cupido onderskat. Dit was nie skynbare teenstrydighede nie. Dit is egter duidelik dat die getuenis van Van der Ster betroubaar bevind is deur die landdros en na my mening vir goeie redes. Hy was deeglik gekruisverhoor, maar het geensins afgewyk van sy getuenis in hoof nie."

Voorts het FRIEDMAN R daarop gewys dat Cupido onder kruisondervraging wel afgewyk het van sy hoofgetuenis, maar daarby aangehaal die laaste stukkie van Cupido se

/getuenis ...

getuienis onder herondervraging, wat ek ook vroeër aan-
gehaal het. Daarna het FRIEDMAN R verwys na die
getuienis van die appellant en opgemerk dat die land-
dros tereg bevind het dat sy 'n onbetroubare getuie was
wat op kardinale punte nie die waarheid gepraat het nie.
Uiteindelik het FRIEDMAN R sy slotsom soos volg gestel:

"Op die getuienis as 'n geheel wil dit my
voorkom dat die landdros gelyk gegee moet
word wanneer hy sê dat die Hof tevrede is
dat die Staat bo redelike twyfel bewys het
dat die beskuldigde reeds by die betaalpunt
verbygegaan het en dat sy dus skuldig is
aan die misdaad van diefstal."

Met hierdie benadering kan ek, met eerbied, nie
saamstem nie. Soos ek reeds probeer aantoon het, is
dit nie moontlik om net te steun op die feit dat Van der
Ster 'n betroubare getuie bevind is en die feit te ver=
ontagsaam dat Cupido insgelyks as 'n betroubare getuie
beskou is nie. Soos ook reeds gesê is, kan die laaste
gedeelte van Cupido se getuienis onder herondervraging
nie opweeg teen die effek van die geheel van sy getuienis

/onder ...

onder kruisverhoor en sy ander getuienis onder her=
ondervraging nie. Wat betref die appellant se getuie=
nis, is dit so dat sy leuens vertel het - ek kom weldra
hierop terug - maar dit is van geen betekenis met be=
trekking tot die vraag of sy reeds by die betaalpunt
verby was toe sy voorgekeer is nie. Dit is Cupido se
getuienis wat ten minste die redelike moontlikheid
daarstel dat die appellant nog by die betaalpunt gestaan
het toe sy gearresteer is, soos sy ook getuig het, en
geen leuenagtigheid van die appellant oor ander aspekte
van die saak, hoe erg ook al, kan Cupido se getuienis
eenvoudig ongedaan maak nie. Gevolglik is die slotsom
van die Hof a quo, dat dit bo redelike twyfel bewys is
dat die appellant reeds by die betaalpunt verbygegaan
het toe sy gearresteer is, en dat sy om daardie rede
skuldig is aan diefstal, nie geregtig nie.

Vervolgens is dit nodig om die vraag te onder=
soek of die appellant se skuldigbevinding nogtans

/gehandhaaf ...

gehandhaaf kan word, ten spyte van die mistasting wat die landdros begaan het; dus, of dit bewys is dat die appellant die bottel brandewyn gesteel het, op die grondslag van Cupido se getuienis dat sy nog nie by die betaalpunt verby beweeg het toe sy gearresteer is nie.

Wanneer 'n beskuldigde aangekla word van die diefstal van koopware uit 'n selfbedieningswinkel, is dit uit 'n praktiese oogpunt van groot belang of die beskuldigde aangekeer is voor of na hy by die betaalpunt verby is, om redes wat voor die hand lê: as hy gearresteer word nadat hy reeds verby die betaalpunt beweeg het sonder om vir die goed wat hy by hom het, te betaal, sal dit in die algemeen baie makliker wees om, by gebrek aan 'n bevredigende verduideliking, die afleiding te maak dat hy die goed met dieftige opset vir homself toegeeëien het, as wat dit sou wees om so 'n afleiding te maak waar hy gearresteer word voordat hy nog by die betaalpunt verbygegaan het, want in laasgenoemde geval

/is ...

is daar inherent in die omstandighede die moontlikheid aanwesig dat hy kon beoog het om nog vir die goed by die betaalpunt te betaal. Dit is nietemin, na my mening, nie in beginsel onmoontlik om in die laasgenoemde geval 'n skuldigbevinding aan diefstal te verkry nie; die probleme wat die Staat in so 'n geval sal moet oorbrug, is gewoonlik groot, maar hulle lê op dievlak van die feite en bewyslewering in verband daarmee.

Gedurende die betoog voor hierdie Hof is daar namens die Staat verwys na die beslissings in S v M 1982 (1) S A 309 (O) en S v Dlamini 1984 (3) S A 196 (N), ter ondersteuning van 'n betoog dat die appellant tereg aan diefstal skuldig bevind is, selfs op die grondslag van die aanvaarding van Cupido se getuienis. Met die oog op die feite van die onderhawige saak sou dit geen nut hê om betrokke te raak by 'n bespreking van die tegniese aspekte van contrectatio en die ander bestanddele van diefstal in ons reg nie. Ek aanvaar dat 'n skuldig=

/bevinding ...

bevinding aan diefstal in beginsel in hierdie geval moontlik is. Die feite hier verskil egter in 'n belangrike opsig van die omstandighede wat in elk van die genoemde sake onder behandeling was. In Dlamini se gevval supra het die beskuldigde geen geld by hom gehad om vir die artikel wat hy versteek het, te betaal nie (kyk bv op 202 B), en in S v M supra het die beskuldigde ontken dat die sak waarin die goedere versteek was, syne was, en was dit geen deel van sy saak dat hy van voorneme was om daarvoor te betaal nie (kyk op 312 E-F). Daarteenoor is die wese van die appellant se verweer in die huidige saak juis dat sy beoog het om vir die drank te betaal en in staat was om dit te doen.

In die Hof a quo het FRIEDMAN R in die loop van sy uitspraak die volgende gesê (skynbaar obiter, in die lig van die slotsom waartoe hy uiteindelik gekom het, soos vroeër aangehaal):

/"Dit ...

"Dit is in 'n saak soos hierdie nie nodig vir die Staat om te bewys dat die beskuldigde verby die betaalpunt beweeg het om te bewys dat sy diefstal gepleeg het nie. Dit kom op diefstal neer indien 'n persoon in 'n winkel soos hierdie 'n artikel op haar persoon verberg, soos die appellant in hierdie saak gedoen het, waarvan die afleiding gemaak kan word dat sy nie die bedoeling gehad het om daarvoor te betaal nie."

Ek aanvaar dat waar 'n beskuldigde se verweer is, soos die appellant s'n in die huidige geval, dat sy die bedoeling gehad het om vir goedere wat sy by haar gehad het, te betaal, 'n afleiding bo redelike twyfel, aan die hand van al die bewese feite, dat sy inderdaad geen sodanige bedoeling gehad het nie, in gepaste omstandighede kan lei tot 'n skuldigbevinding. FRIEDMAN R se uitlating is egter so bewoerd dat dit vatbaar is vir die vertolking dat die blote feit op sigself dat 'n artikel "op haar persoon verberg" is, die afleiding regverdig (bo redelike twyfel) dat sy nie die bedoeling gehad het om daarvoor te betaal nie. Met so 'n wye

/suggestie ...

suggestie kan ek, met eerbied, nie saamstem nie. As 'n klant 'n artikel in die winkel neem en dit onder haar baadjie vasdruk, of byvoorbeeld selfs in haar sak steek, en sy word voorgekeer voordat sy by die betaalpunt kom, is 'n afleiding dat sy nie beoog het om daarvoor te betaal nie en dus skuldig is aan diefstal, sekerlik nie sonder meer geregverdig nie. Of so 'n afleiding bo redelike twyfel geregverdig is, hang vanselfsprekend af van al die omstandighede van 'n bepaalde geval. In die besonder, waar 'n beskuldigde in so 'n geval, soos die appellant hier, getuig dat sy vas van voorneme was om by die betaalpunt vir die betrokke artikel te betaal, kan 'n skuldigbevinding alleenlik geregverdig wees as daar bo redelike twyfel bevind kan word dat haar genoemde getuienis vals is. Dit is die kernvraag wat in hierdie saak beantwoord moet word.

Met die oog op die voorgaande, moet die getuienis in die saak nou weer bekyk word. Ter aanvang moet

/daarop ...

daarop gewys word dat die Staat nie bewys het dat die appellant nie geld by haar gehad het om vir die bottel brandewyn te betaal nie. Van der Ster se getuienis dat sy vir die polisie sou gesê het sy het geen geld gehad nie, is onbevredigend. Uit die opsomming van sy getuienis wat ek vroeër verstrek het, blyk dit dat sy getuienis op hierdie punt op 'n baie onsekere en wankelrige noot geëindig het. Daarbenedienens blyk dit uit 'n malees van die appellant se getuienis onder kruisondervraging in die oorkonde dat haar getuienis dat sy R50 by haar gehad het en dit aangewend het as borggeld, hoegenaamd nie deur die aanklaer betwissel of selfs gevraagteken is nie. In die omstandighede moet dit in billikheid teenoor die appellant aanvaar word dat sy wel geld by haar gehad het om vir die brandewyn te betaal.

Die getuienis van Van der Ster en Cupido oor hoe presies die appellant die bottel onder haar baadjie

/sou ...

sou vasgehou het, is glad nie duidelik nie. Van der Ster het nie verduidelik hoekom hy gesê het dat hy "iets snaaks" onder haar baadjie gesien het, en wat presies hy waargeneem het nie. Cupido se stelling dat die bottel onder haar arm "weggesteek" was, is maar net sy eie afleiding; sonder verdere opheldering sou dit gevaarlik wees om bloot daaruit af te lei dat sy op skelmagtige wyse opgetree het. Die getuenis van die Staat toon aan dat die bottel onder die appellant se baadjie was, dit is seker; maar, afgesien van daardie blote feit, openbaar die getuenis nie enige ander op=trede van die appellant waaruit 'n dieftige opset afgelei kan word nie.

Wat dan oorbly, is die appellant se eie getuie=nis. Soos reeds geblyk het, het die landdros haar as 'n ongeloofwaardige getuie beskou. Die rede vir dié beskouing wat hy in sy uitspraak vermeld, is die appel=lant se ontkenning dat sy 'n baadjie gedra het, en haar

/bewering ...

bewering dat sy 'n trui aangehad het, ten spyte van die feit dat haar prokureur nooit die getuienis van Van der Ster en Cupido in hierdie verband betwissel nie.

Na my mening is hierdie kritiek van die landdros op die appellant se getuienis geregtig. Daar moet dus aanvaar word dat die appellant se getuienis dat sy nie 'n baadjie gedra het nie, vals was, en gevolelik moet daar ook aanvaar word dat sy valslik getuig het dat sy die bottel in haar hand vasgehou het, terwyl dit in der waarheid onder haar baadjie was.

In die Hof a quo het FRIEDMAN R in sy uitspraak twee verdere punte van kritiek teen die appellant se getuienis geopper. Met die een stem ek saam, maar met die ander, met eerbied, nie. Die eerste punt is dat die appellant getuig het dat Van der Ster haar van die betaalpunt af teruggedruk het in die winkel in. Dit is nooit aan die Staatsgetuies gestel nie, en ek stem saam dat die appellant se getuienis in hierdie

/verband ...

verband verwerp moet word. Die ander punt is dat dit uit die appellant se prokureur se kruisondervraging van Van der Ster "duidelik" was dat die appellant sou kom getuig het dat sy net verby die betaalpunt gegaan het toe sy deur Van der Ster voorgekeer is, terwyl sy daarna inderdaad getuig het dat sy nie verby die betaalpunt beweeg het nie. Na my oordeel is dit nie 'n billike grond van kritiek teen die appellant nie. Dit is waar, soos FRIEDMAN R aanhaal, dat die appellant se prokureur in een vraag aan Van der Ster die volgende gestel het:

"En sy het vorentoe beweeg en sy sou betaal het vir die brandewyn, maar sy het verby die betaalpunt gegaan, bietjie vorentoe en toe het jy haar sommer gegryp?"

